

**17 Januarie**

**Alles wat God belowe, is vas en seker**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14 (1953- en 1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13 (1953-vertaling)**

Ek besoek week vir week 'n bejaarde dame wat vinnig agteruitgaan. En week vir week staan haar kinders en kleinkinders en die plaas in die sentrum van ons gesprekke. Nie die Woord van God nie. Daarin stel sy nie belang nie.

Maar op 'n dag is alles langs daardie siekbed anders. Sy hoor beter. Haar aandag is beter. Haar fokus op die Woord is beter. Ook die Here se boodskapper is beter – hy kry dit reg om op haar vlak te verklaar en toe te pas. Soos 'n boer nuut gekoopte beeste verseël as sy eiendom deur hulle te merk met sy spesiale eiendomsmerk, so merk Jesus Christus sy nuut en met bloed gekoopte eiendom met sy eiendomsmerk – sy merk is die Heilige Gees (vs 13). Daarom is alles wat God aan sy kinders belowe vas en seker. Die Heilige Gees waarmee ons gemerk is, is die waarborg (vs 14).

Wat belowe God alles? Dat ons heilig en sonder gebrek voor Hom sal wees (vs 4), dat Hy ons as sy kinders aangeneem het (vs 5), dat Hy ons deur die bloed van sy Seun verlos (vs 7), dat ons vergifnis van ons misdade kry (vs 7), dat ons van Hom 'n erfdeel ontvang (vs 11).

Waarom kan al hierdie dinge deur die Heilige Gees gewaarborg word? Want elke belofte is gewortel en gegrond in die verdienste van Christus. Daarom moet ons die grootheid van God prys.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1 en 2*

*Ds. Louis Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*